# 14 Oktober 2023 - Lesing 153 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Einde en wegneming - Die paradys op die nuwe aarde **–** 1/9/60

7687 'n Salige lot sal julle deelagtig word in die paradys op die nuwe aarde, as julle kan **standhou in die laaste geloofstryd** en My getrou sal bly tot aan die einde. Dit sal weliswaar vir julle nog 'n moeilike tyd wees, maar julle sal dit kan deurstaan omdat julle deur My krag versterk sal word.

Julle sal so duidelik deur My met My Liefde versterk word dat julle geduldig al die moeilike op julle sal neem en sal My en My Naam bely voor die wêreld. En **deur julle sterk geloof** sal nog enkele van julle medemense, wat nog swak is in geloof, **troos en sterkte ontvang.** En dan sal hulle ook My mag en sterkte kan ervaar, as hulle lewendig in My glo.

Julle mag egter **nie terwille van die loon** by My bly nie, maar julle liefde tot My moet julle daartoe beweeg om teen alle aanvalle van die teenstander weerstand te bied. En die liefde sal julle ook besit, omdat Ek julle duidelik sal help deur My Liefde.

Julle sal in vurige liefde tot My ontbrand en niks sal julle kan ontstel, niks sal julle meer van My kan skei nie. Want Ek is en wil die Vader bly van julle almal, **Wie Sy kinders wil plaas in die paradys op die nuwe aarde** en julle daarom ook wil bystaan tot die einde.

"*Ek sal die dae verkort terwille van Myne*"; hierdie belofte moet julle troos wees as julle die chaos om julle heen sien. As julle aan die vervolging blootgestel word wat van My teenstander uitgaan en **wat elkeen sal tref wat in My glo.**

Laat julle egter nie mislei deur beloftes van **hulle wat My nie wil erken nie**. Laat julle nie op 'n dwaalspoor bring deur hul skynbaar luukse lewe nie en verlang nie daarna nie, want die tyd wat My teenstander en sy aanhang hulle daarin sal kan verheug is maar kort.

Alles sal vergaan op die dag van die oordeel en **slegs julle sal die dag oorleef** en sal mag ingaan in die **ryk van vrede**, waneer Ek julle sal wegneem voor hulle oë. En sodat julle sterk kan bly in weerstand en My getrou sal bly tot die einde, sal Ek julle versterk in elke nood na liggaam en siel.

Ek sal ook **sigbaar** na julle toe kom, **waar die sterkte van julle geloof en julle liefde dit toelaat**. Ek sal julle voorsien van so 'n ongewone troos en krag sodat julle sal kan weerstaan en sodat julle die korte tyd sal kan deurmaak **sonder om die minste skade te ly aan liggaam en siel.** Want My Mag is waarlik groot genoeg om julle te behoed in alle nood en elke gevaar.

Maar reken dan elke dag op My koms, wanneer julle baie erg verdruk sal word terwille van julle geloof.

Weet dan dat die dag van die oordeel nie meer ver is nie en **volhard in liefde en geduld**. Want Ek het julle My hulp beloof en Ek sal julle ook red uit elke nood.

Hoe naby julle aan die einde staan, weet julle nie **en die dag en die uur sal vir julle verborge bly.** Maar slaan ag op die **tekens van die tyd** wat aan julle die einde verkondig, want daaraan sal julle kan herken dat julle leef in die twaalfde uur en dat die tyd vinnig verbyvlieg. En daarom moet julle hierdie tyd goed benut na die beste van julle vermoë. Julle moet steeds met My in verbinding bly, sodat julle voortdurend krag kan ontvang, sodat julle kan toeneem in geloofsterkte en in liefde tot My.

Ek behoed julle waarlik teen die ondergang as julle slegs die wil het om aan My te behoort. Dan sal Ek julle ook die krag gee om stand te kan hou tot aan die einde. **Of, as julle te swak is, sal Ek julle vroeër wegroep,** sodat julle nie in julle swakheid My teenstander ten offer val nie.

In geen geval laat Ek julle verlore gaan nie, want sodra julle julleself tot My keer, laat Ek julle nie meer oor aan My teenstander nie, maar Ek omvou julle en neem julle na My.

Maar salig kan hy genoem word wat die tyd tot die einde sal belewe, wie My getrou sal bly **en My bely voor die wêreld.** Hom sal Ek verplaas na die nuwe aarde wanneer die dag van die oordeel aangebreek het. Hy sal bevry wees van alle ellende en elke pyn en sal lewe in vrede en saligheid. Want Ek sal Self onder Myne vertoef op die nuwe aarde, soos wat Ek dit steeds weer beloof het. Amein.